Hoogstaande kuns dien as model vir fotografiese kuns

Liza Grobler, die Burger
Augustus 2008

Departure is nou werklik ‘n interessante versameling fotografiese werke deur ‘n vyftal top Suid-Afrikaanse fotograwe: Lien Botha, Abrie Fourie, Roger Ballen, Dale Yudelman en Patricia Driscoll. Tegnies is die werk van hoogstaande gehalte, maar dit gaan hier nie soseer om tegniese vernuf as om konsep, gesuggereerde narratief en visuele metafore nie. Terwyl Botha en Driscoll met die fisiese landskap werk, gebruik Yudelman simbole van verbruikerskultuur om ‘n kontemporêre kapitalistiese landskap te konstrueer. Fourie inkorporeer elemente soos ‘n lap of ‘n monument om te kontekstualiseer. Ballen konsentreer weer op klein besonderhede binne geboude strukture om persoonlike ruimtes te belig.

Ballen het bekendheid verwerf het vir sy ontstellende portretstudies – dikwels van arm blankes, gestremdes en kleindorpse ondertrouery. In die nuwe fotografiese werke is daar ‘n doelbewuste koersaanpassing. Die menslike figuur is deurgaans afwesig, dog tasbaar teenwoordig in die gerepresenteerde objekte en ruimtes. Hier is ‘n verdieping, ‘n pathos wat aan die werke ‘n resonerende teenwoordigheid verleen. Binne die konteks van Ballen se ander werk, beskik dit oor ‘n donker ondertoon maar ook oor ‘n melancholies-liriese kwaliteit.

Patricia Driscoll se ontheemde grys landskappe van verlatendheid bly by jou spook. Die ruimtes is terselfdertyd bekend en doelbewus onspesifiek: lamppale, verlate strate, mis.

White Stick for the Arctic deur Botha bou voort op haar Amendment-reeks en sy gaan soortgelyk te werk om twee verskillende ruimtes saam te sweis: een helfte in Bettysbaai, die ander in Italië. Die werk is geskep na aanleiding van ‘n kunstenaarsverblyf in Italië en is soos dromerige flitse tussen twee verganklike ruimtes. In egte Botha styl, beskik beide titel en beeld oor poëtiese kwaliteite, byvoorbeeld White Stick for the Arctic: Map for the Middle Aged. Yudelman snoer beelde saam op ‘n heel ander manier in sy imponerende Old Bond Street. Hy konstrueer ‘n straat uit 89 foto's om ‘n ontwerpersbehepte verbruikerskultuur te illustreer. Op ‘n kleinerige fotografies-bedrukte mat in ‘n ander deel van die galery, is ‘n selfportret van sy voete – asof hy toekyk vanaf ‘n nabygeleë woonstelblok. Die kyker kan letterlik sy skoene in die voete van die kunstenaar plaas!

Ook Fourie lê persoonlike ervarings bloot: Fourie wat aanbid by ‘n monument van die Hervormers in Geneva (where – we – are) of huil na sy destydse egskeiding. Maar dit is die mees onlangs fotografiese sifdruk waar hy gedeeltelik deur ‘n skelpienk lap verhul word (Pink South Ext, Dehli), wat mens bybly. Fourie tart die dokumentêre aard van die fotografiese lens deur met die kleur en ruimtelike voorstelling te mors.

Elke kunstenaar manipuleer die fotografiese medium op ‘n eiesoortige manier en hul beelde resoneer in ‘n fiktiewe dokumentasie van realiteit. Departure is die ideale rolmodel vir fotografie as kontemporêre kunsvorm.